BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEHUISVES DEUR:

NWU®
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

VENNOTE:

CSIR
Touching lives through innovation

UNISA
university of south africa

NWU® | CTexT®

ICELDA
Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# SADiLaR

South African Centre for Digital Language Resources

# NUUSBRIEF

## AFRIKAANS: Junie 2022

BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## LEES OOR:


Historiese korpusse: Navorsingsmoontlikhede vir die "Tracing History Trust" se VOC-Daghregisters 1

Bekendstelling van die Digitale Geesteswetenskappe Oop Opvoedkundige Hulpbronne se Kampioene-inisiatief 2

Die Hundzula Retreat: 'n Oorbrugging van die gaping tussen rekenaarwetenskap en taalwetenskap 3

Koöperatiewe dokumentering van Phuthi in Lesotho: 'n Opsomming 6

Democracy from Below-projek 8

Die SADiLaR-span hou 'n Data Carpentries-werkswinkel by Wits 9

Komende geleenthede/ gebeurtenisse: 11


# HISTORIESE KORPUSSE: NAVORSINGSMOONTLIKHEDE VIR DIE "TRACING HISTORY TRUST" SE VOC-DAGHREGISTERS


**- Roné Wierenga**


Die Tracing History Trust-korpus (hierna THT-korpus) is 'n digitale korpus wat saamgestel is uit handgeskrewe dagboekinskrywings wat dateer uit die 17de en 18de eeu (1687-1714). Hierdie dagboekinskrywings is deur lede van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie geskryf en vertel die verhaal van hul daaglikse doen en late aan die Kaapkolonie.

Die dagboeke bied interessante insigte oor die lewensverloop van die Nederlandse kolonialiste aan die Kaap se kus en sluit beskrywings van markdae, regerings- en politieke gebeure, en die interpersoonlike verhoudinge tussen families – beide in Suid-Afrika en in Nederland – in. Hierdie tekste is geskryf in 'n vorm van Vroeë Afrikaans wat nóg Nederlands nóg gestandaardiseerde Afrikaans verteenwoordig.

'n Digitale korpus, soos die die THT-korpus, is 'n groot versameling tekste (d.i. korpus) wat masjienleesbaar is (d.i. digitaal) en as navorsingsbron gebruik kan word. Die voordeel van 'n digitale korpus is dat dit nie plekgebonde is nie, met 'n verskeidenheid programmatuur geanaliseer kan word, en – in die meeste gevalle – gratis beskikbaar is vir navorsers. Die THT-korpus is 'n byna onontginde skat vir navorsing op 'n verskeidenheid terreine. Die korpus bevat onder andere familieregisters, geboorte- en sterftelyste, skeepsregisters en slaweregisters. Hierdie inligting kan tot nuwe insigte lei vir ondersoeke oor genealogie, antropologie en selfs sosiologie. Vir geskiedkundiges is die korpus 'n skatkis waarin die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse landskap, die politieke benaderinge en helaas die afgryslikheid van slawerny opgesluit lê.

Die waarde van hierdie korpus is egter nie beperk tot geskiedkundige navorsing nie. Omdat die dagboekinskrywings gemaak is voor die standaardisering van Afrikaans, kan die korpus as navorsingsbron gebruik word vir studies oor spelvariasie en die ontwikkeling van spelwyses, vir leksikografiese navorsing oor Vroeë Afrikaanse woordeskat, sintaktiese navorsing oor die gebruik en ontwikkeling van sinstrukture en vele ander taalkundige studies. Die dagboekinskrywings kan selfs gebruik word vir outeuridentifikasieondersoeke, diskoersanalises en vergelykende studies tussen Vroeë Afrikaans en 17de eeuse Nederlands.

Die korpus bied 'n nuwe blik op die gemeenskap en samelewing van die 17de en 18de eeu aan die Kaap de Goede Hoop. Dit vertel die verhaal van die Portugese skeepsvaarders en die Khoi-San wat reeds aan die Kaap gewoon het en die ontstaan van die kolonie wat uiteindelik die katalisator sou wees vir die vestiging van die Republiek van Suid-Afrika.

BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vir meer inligting oor die omvang van die korpus, lees gerus Liebenberg (2018) of verwys na Wierenga en Breed (2021) as voorbeeld van die tipe navorsing waarvoor die THT-korpus gebruik kan word.

**Bibliografie**


Liebenberg, H. 2018. Die Wes-Kaapse Argief en die begin van Afrikaans. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 58(2):204-236.

Wierenga, R. & Breed, C.A. 2021. Diachroniese benadering tot die ontwikkeling van die progressiewe perifrastiese konstruksies in Afrikaans en Nederlands: 'n Korpusondersoek. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 61(2):588-619.


# BEKENDSTELLING VAN DIE DIGITALE GEESTESWETENSKAPPE OOP OPVOEDKUNDIGE HULPBRONNE SE KAMPIOENE-INISIATIEF

**- Natalie Simon**

Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR) en die Noordwes-Universiteit (NWU) se UNESCO-leerstoel vir Multimodale Leer en Oop Opvoedkundige Hulpbronne (OOH) is trots om die eerste inname van hulle Kampioene-inisiatief vir Digitale Geesteswetenskappe OOH aan te kondig.

Hierdie program, aangebied deur SADiLaR se ESCALATOR Digitale Kampioene-inisiatief, beoog om aktivisme en navorsing oor die gebruik en/of daarstelling van OOH vir die digitale geesteswetenskappe by universiteite in Suid-Afrika te stimuleer.

Met dié doel kondig ons graag aan dat 26 projekte in hierdie program aanvaar is om die totstandkoming en aanpassing van OOH in die digitale geesteswetenskappe te ondersteun en te befonds.
"Soos die naam impliseer, is OOH enige onderrig-, leer- en navorsingsmateriaal wat in die publieke domein beskikbaar is en gratis toegang, gebruik en aanpassing, en herverspreiding moontlik maak," sê professor Jako Olivier, NWU UNESCO-leerstoel vir Multimodale Leer en OOH. "OOH vorm 'n integrale deel in die ontwikkeling van vaardighede en kundigheid in die digitale geesteswetenskappe in Suid-Afrika, aangesien hierdie belangrike gebied ontwikkel moet word in reaksie op die spesifieke behoeftes van akademici in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika."

**Klik hier om ons te kontak:**

BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

"Digitale geesteswetenskappe is 'n relatiewe nuwe navorsingsgebied in Suid-Afrika," sê professor Menno van Zaanen, professor in digitale geesteswetenskappe by SADiLaR. "Dit behels die gebruik van rekenaarmatige hulpmiddels in die breë gebied van die geesteswetenskappe. Digitale tegnologieë stel navorsers in die geestes- en sosiale wetenskappe in staat om groter hoeveelhede data (soos teks) te ontleed. Dit laat hulle toe om navorsingsvrae objektiewer te beantwoord of om selfs heeltemal nuwe navorsingsvrae te beantwoord."

Die 26 projekte wat gekies is, is oor instellings in Suid-Afrika versprei. Hulle het doelwitte wat strek van die gebruik van OOH om 'n veeltalige, gedekoloniseerde en interdissiplinêre perspektief in joernalistiekonderrig bekend te stel, tot om inheemse taalrobotika-onderrig in Suid-Afrika te ondersteun, en om digitale geesteswetenskappe en komputasionele denke in regsnavorsing te gebruik.

SADiLaR sal in die komende maande die werk wat in die projekte gedoen word op hulle verskeie platforms bekendstel.

Benewens 'n befondsingtoekenning, het die program 'n sterk kapasiteitsboufokus. Die programdeelnemers sal 'n aanlyn kortkursus in OOH volg, wat webinare en werkswinkels insluit en 'n ruimte skep om beste praktyke te deel. Die program sal ook ondersteuning insluit vir die kampioene uit die geesteswetenskappe om navorsing oor die proses te doen, aan 'n kollokwiumoor hulle navorsing deel te neem, en om daaraan te werk om hulle werk te publiseer. 'n Onontbeerlike uitkoms van die program is om 'n netwerk van geesteswetenskaplike navorsers en praktisyns in Suid-Afrika te bou om hierdie nuwe gebied te ontwikkel.

# DIE HUNDZULA RETREAT: 'N OORBRUGGING VAN DIE GAPING TUSSEN REKENAARWETENSKAP EN TAALWETENSKAP

- **Natalie Simon**

Afrika is die tuiste van groot rykdom, waarvan sy tale verreweg nie die minste is nie. Volgens die Afrikataalprogram by Harvard Universiteit, is ongeveer een derde van die wêreld se tale afkomstig van die Afrika-kontinent. Die uitdaging vir Afrika se taalwetenskaplikes en -kundiges is om daardie tale aktief te hou in 'n toenemend digitale wêreld. Die Hundzula Retreat, wat in Februarie 2022 by die Universiteit van Pretoria plaasgevind het, het taalkundiges en natuurliketaalverwerkings-praktisyns van Afrika byeengebring in 'n poging om die silo's tussen die vakgebiede af te breek en groter samewerking aan te moedig om die digitale voetspoor van Suid-Afrika se inheemse tale te bou.

Kontak ons:

BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vier lede van die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR) het die geleentheid bygewoon en aanbiedings gelewer. Die lede is: Rooweither Mabuya, digitalegeesteswetenskappe- (DG-) navorser met 'n spesiale belangstelling in Zulu; Andiswa Bukula, DG-navorser met 'n belangstelling in Xhosa; Mmasibidi Setaka, DG-navorser met 'n fokus op Sotho; en Respect Mlambo, DG-navorser wat op Tsonga fokus. Mabuya was deel van die reëlingskomitee en beide sy en Setaka het aanbiedings gelewer.

## Bou begrip en breek grense af

Natuurliketaalverwerking (NLP) behels die inspanning van taalwetenskap, rekenaarwetenskap en kunsmatige intelligensie om rekenaars te kry om nuttige take ten opsigte van menslike taal te verrig. Taalwetenskap is die studie van taal en taalstruktuur, waaronder elemente soos grammatika, sintaksis en fonetiek. Alhoewel hierdie twee op papier na goeie pasmaats lyk, kruis hulle paaie in werklikheid nie so dikwels soos wat 'n mens sou dink nie.

"Al skep NLP-praktisyns die hulpmiddels wat taalwetenskaplike navorsers gebruik, weet ons as taalwetenskaplikes nie watter proses hulle volg nie, terwyl die NLP-praktisyns dikwels leemtes in hulle begrip van byvoorbeeld die sintaksis of morfologie van 'n taal het," sê Bukula.

Die hulpmiddels wat NLP-praktisyns ontwikkel, wissel van sagteware so alomteenwoordig soos speltoetsers, tot hulpmiddels wat meer gespesialiseerd is vir navorsing, soos teksanalisesagteware.

'n Groot fokus van die geleentheid was vir die twee gespesialiseerde dissiplines om insig tot hulle onderskeie vakgebiede te gee. Medeprofessor Vukosi Marivate, voorsitter van datawetenskap aan die Universiteit van Pretoria, het 'n aanbieding gelewer getiteld: "Masjienleer vir Almal – Wat de 4IR?". In sy aanbieding het hy nie net kernbegrippe in masjienleer verduidelik nie, maar ook hoe diegene buite die gebied by masjienleer betrokke kan raak en, nog belangriker, het hy 'n pad verskaf vir taalwetenskaplikes om meer oor masjienleer te leer. Ander aanbiedings oor NLP het 'n "Inleiding tot Natuurliketaalverwerking" deur Jade Abbot, 'n masjienleeringenieur by Retro Rabbit en koördineerder van Masakhane, 'n NLP-organisasie op voetsoolvlak, ingesluit.

Mabuya het 'n inleiding tot taalstudies gegee waarin sy uiteengesit het wat taalwetenskap is en die verskillende dissiplines en vertakkings van die vakgebied verduidelik het. Setaka het 'n aanbieding oor leksikografie vir tale met gebrekkige hulpbronne gelewer, met 'n besondere fokus op die belangrikheid van NLP en digitale tegnologieë vir woordeboeksamestelling in Afrika se inheemse tale.

Die geleentheid was insiggewend en verrykend vir die SADiLaR-navorsers.

"Wat vir my nuttig was, was om te verstaan hoe hierdie rekenaarmatige hulpmiddels ontwikkel word en hoe belangrik die data is wat gebruik word om hulle op te lei," sê Bukula. "Nou, in plaas daarvan om bloot 'n hulpmiddel te verwerp omdat dit nie baie akkuraat is nie, besef ek dat dit eintlik daaroor gaan om daardie hulpmiddel meer Xhosa-data te

Kontak ons:

BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

voer of saam met die NLP-praktisyn te werk om terugvoer oor die sintaksis of morfologie te gee."

Mabuya sê dit was vir haar 'n hoogtepunt om deel daaraan te gehad het om jong denkers bymekaar te bring om te bespreek hoe om die gaping tussen taalwetenskap en natuurliketaalverwerking te oorbrug.

## Die grondslag vir samewerking

Die geleentheid het ook blitspraatjies ("lightning talk presentations") deur al die deelnemers ingesluit. Dit het kort aanbiedings oor elke individu se navorsing en navorsingsbelangstellings behels en het diegene wat teenwoordig was, in staat gestel om potensiële medewerkers aan toekomstige projekte te identifiseer. Bukula sê sy is reeds besig om 'n voorstel op te stel om met kollegas van die Universiteit Stellenbosch en die Universiteit van Limpopo saam te werk. Mabuya sê sy kon ook idees deel met NLP-praktisyns wat ook aan Zulu werk.

## Oop deure vir rekenaarmatige moontlikhede

Die geleentheid het gehelp om vrese te besweer wat algemeen voorkom by geesteswetenskaplikes wanneer dit by enigiets rekenaarmatig kom. Die gebied van geesteswetenskappe word al hoe meer digitaal en daar is geen omdraaikans nie. Rekenaarmatige hulpmiddels maak nuwe deure oop vir geesteswetenskaplike navorsers en geleenthede soos die Hundzula Retreat help geesteswetenskaplike navorsers om te sien dat hulle eerstens nie alles self hoef te doen nie, maar dat daar baie rekenaarwetenskapkenners daar buite is saam met wie hulle kan werk. Vir Bukula het dit egter ook van die onbekende weggeneem rondom natuurliketaalverwerking, rekenaarwetenskap en masjienleer.

"Daar is kursusse daar buite wat op beginners fokus," sê sy. "Om hierdie rekenaarvaardighede aan te leer, is net soos om enigiets anders te leer; jy begin by die beginpunt en jy werk jou pad daardeur, stap vir stap."

Haar raad aan geesteswetenskaplike navorsers en studente: "Moenie dink dat hierdie nie vir jou is nie. Rekenaarvaardighede en programmering is besig om 'n onontbeerlike deel van elke dissipline te word en sosiale en geesteswetenskappe is nie anders nie. Universiteite sal hulle studente 'n groot eer betoon as hulle hierdie vaardighede vanaf voorgraadse vlak begin onderrig."

Kontak ons:

BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SAMEWERKENDE DOKUMENTERING VAN PHUTHI IN LESOTHO: 'N OPSOMMING

**- Natalie Simon**

Phuthi, 'n taal wat deur Phuthi-gemeenskappe in die suide van Lesotho en in die noordelike Oos-Kaapprovinsie van Suid-Afrika gepraat word, word as 'n bedreigde taal beskou. Daar is na beraming sowat 200 000 Phuthi-sprekers in Lesotho, maar hierdie getal krimp vinnig. Intergenerasionele taaloordrag – waar kinders Phuthi by hulle ouers, oumas en oupas leer – is beperk tot twee afgeleë riviervalleie, Daliwe en Sinxondo.

Maar selfs in hierdie twee valleie word Phuthi dikwels nie meer in die huis gepraat wanneer 'n Phuthi-spreker met 'n Sotho- of 'n Xhosa-spreker trou nie. Kinders van hierdie gemengde huwelike word groot met Sotho of Xhosa as hulle hooftaal.

Gelukkig, om te verseker dat hierdie taal nie heeltemal verlore gaan nie, werk Matthias Brenzinger van die Universiteit van die Vrystaat en Sheena Shah van die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Hamburg, Duitsland, sedert 2016 saam om die taal te dokumenteer en nuwe lewe te gee.

'n Belangrike aspek van hierdie werk is die noue samewerking met die Phuthi-gemeenskap, beide in Lesotho en Suid-Afrika. Brenzinger en Shah glo sterk dat die taalsprekers agentskap moet hê om te besluit hoe en deur wie hulle tale gedokumenteer word.

Die projek behels die optekening van verhale, gesprekke, onderhoude, volksverhale, mondelinge geskiedenisse en gedigte in Phuthi vir huidige en toekomstige geslagte. Hulle ondersteun ook die vervaardiging van materiaal soos gesondheidsbewusmakingsplakkate oor COVID-19 in Phuthi, sowel as die ontwikkeling van 'n viertalige Phuthi-Sotho-Xhosa-Engelse woordeboek. Die span hoop dat hierdie woordeboek as 'n basis vir die ontwikkeling van leer-en-onderrig-materiaal in Phuthi sal dien.

## Samewerking met die gemeenskap en die bou van kapasiteit

In November 2021 het Brenzinger en Shah een van hulle gereelde taaldokumentasiewerkswinkels aangebied waarin hulle ses jong Phuthi-sprekers van Daliwe en Sinxondo opgelei het in taaldokumentasiemetodes en -tegnieke. Hierdie jong, vlot Phuthi-sprekers kan heel moontlik as sleutelbewakers van hulle bedreigde taal en kultuur beskou word.

Die werkswinkel het nie net opnametegnieke behels nie, maar ook etiese praktyke in taaldokumentasie, metadataskepping, argiveringstandaarde en ander belangrike vaardighede.

**Kontak ons:**

BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Die deelnemers het hulle nuwe vaardighede toegepas deur die belangrikste jaarlikse geleentheid op die Phuthi-kalender op te teken: Die herdenking van die dood van hulle koning Murena Moorosi. Die geleentheid staan onder Phuthi-sprekers as Sikhubhuto sa Murena Moorosi bekend.

Die opleiding het plaasgevind by die Bethel Business and Community Development Centre (BBCDC), 'n beroepsopleidingsentrum in een van die mees gemarginaliseerde dele van Lesotho.

## Werk te midde van COVID-19

'n Groot uitdaging vir die span was om hulle taalwerk te midde van die wêreldwye COVID-19-pandemie te vol te hou. Hulle was behoedsaam om die voorsorgmaatreëls te volg wat op plaaslike, nasionale en internasionale vlak aanbeveel is. Die navorsers het PCR-toetse ondergaan voordat hulle na Lesotho is en al die deelnemers aan die werkswinkels is met vinnige laterale vloeitoetse getoets voordat die dag se aktiwiteite begin het. Daaglikse temperatuurmetings is geneem en gedokumenteer, en sosiale distansiëring is beoefen. Waar moontlik, is praktiese aktiwiteite buite uitgevoer.

## Die toekoms

Ná November se suksesvolle werkswinkel word daar beplan om in 2022 'n opvolgwerkswinkel te hou waarin die deelnemers meer gevorderde tegnieke geleer sal word om hulle opnamevaardighede te verbeter en hulle voor te berei om hulle taaldokumentasie-aktiwiteite met minimale ondersteuning en leiding uit te voer.

## Wat maak Phuthi spesiaal?

Die dokumentering van Phuthi is veral belangrik aangesien dit 'n taal van historiese en linguistiese belang is. As 'n taal wat oor 200 jaar ontwikkel het, beskou sommige vakkundiges dit as 'n hibriede taal vanweë die menige kenmerke wat dit met Sotho deel. Die ontleding van Phuthi – vanweë die aard van 'n taal wat afkomstig is van een taalsubgroep en sterk onder die invloed van 'n ander verander – sal bydra tot die voortdurende debat oor wat 'n gemengde taal teenoor 'n hibriede taal is.

Vir die volledige weergawe van hierdie opsomming, besoek asseblief hierdie skakel.

Kontak ons:

BEFONDS DEUR:

science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# *DEMOCRACY FROM BELOW*-PROJEK

**- Boitumelo Matlala**

*Temokerasi ke kgololosego, mme mo aforika borwa ga eyo kgololosego. Ga gona le temokerasi, ke maaka hela (Respondent 60, Democracy from Below-opname 2021)*

*Go gololosega mo matshelong a rona (Respondent 4, Democracy from Below-opname 2021)*

Die aanhalings hierbo is antwoorde op die vrae: "Watter woord of frase sou jy gebruik om demokrasie te verduidelik?" en "Wat beteken demokrasie vir jou?". Dit is twee van die grondliggende vrae in die Democracy from Below-projek. Ons doelwitte met hierdie projek is om 'n liggaam van kennis te bou oor die konseptualisering en uitdrukking van demokrasie in Suid-Afrika se amptelike tale, en om die ontleding van demokratiese denke in Suid-Afrika in plaaslike geskiedenisse en die uitoefening van demokrasie in die alledaagse lewe te plaas. Die projek word saam bestuur deur die Sentrum vir Sosiale Verandering, Sosiologiese Navorsing en Praktyk aan die Universiteit van Johannesburg en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne aan die Noordwes-Universiteit. Dit word deur die Nasionale Instituut vir Geesteswetenskappe en Sosiale Wetenskappe befonds.

In November 2021 het ons 'n veeltalige opname gedoen waarin ons vrae gevra het oor mense se begrip van demokrasie en die taal wat hulle gebruik om dit uit te druk. Die opname is in 11 van Suid-Afrika se amptelike tale uitgevoer met behulp van die Moya-toepassing, 'n boodskappertoepassing wat sonder data of lugtyd werk en deur vier miljoen mense oor die hele land gebruik word.

Vir die opnamevrae het elke taal 'n span van twee vertalers gehad wat die vraag heen en weer tussen die twee tale vertaal het om soveel as moontlik van die kern van elke vraag oor te dra. Ons taak met die ontwerp van hierdie opname was om te meet tot watter mate beginsels van liberale demokrasie belangrik bly en terselfdertyd opnamevrae saam te stel wat ons in staat stel om die sterkte en omvang van alternatiewe uitdrukkings van demokrasie te meet. Die opname het meer as 2 000 antwoorde opgelewer.

Die opname is een van twee hoofnavorsingsinstrumente wat die Democracy from Below-projek gebruik. Die tweede instrument is kwalitatiewe navorsingsonderhoude. In Desember 2021 het ons semigestruktureerde onderhoude begin voer. Die onderhoude, wat nog aan die gang is, word deur 'n span van drie navorsers gedoen. Tot dusver het ons onderhoude met plaaslike aktiviste in Limpopo, die Noordwes, die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, die Vrystaat en Gauteng gevoer. Die kwalitatiewe navorsingsonderhoude bring meer diepte aan die opnamevrae deur die kontekste en geskiedenisse te ontgin wat mense se opvattings en uitdrukkings van demokrasie vorm. Die onderhoude word in plaaslike tale uitgevoer en word in dieselfde taal

Kontak ons:

BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

getranskribeer. Die transkripsies word dan vir gehaltebeheer gestuur om seker te maak dat die nuanse van die verbale in die geskrewe vasgevang word, en dan word dit na Engels vertaal. Een oogmerk van die projek is om 'n linguistiese dataversameling te bou. Op die oomblik is daar slegs beperkte linguistiese datastelle in inheemse tale beskikbaar en geen wat spesifiek oor een onderwerp in verskeie tale handel nie.

Ander insette tot die Democracy from Below-projek sluit 'n kollokwium en 'n kortfilm in. Die kollokwium sal die verskillende lede van die navorsingspan, sowel as ander vakkundiges wat op hierdie gebied werk, bymekaar bring om die aanvanklike bevindinge van die navorsingsprojek te bespreek en te debatteer. Die kortfilm word in April 2022 in Duncan Village in die Oos-Kaap geskiet. Die hoofrolle in die kortfilm word deur aktiviste vertolk saam met wie ons gewerk het. Dit sal die verskil tussen die betekenis en stryd van inkululeko en die grense van liberale demokrasie uitdruk. Die rede waarom ons dit in Duncan Village doen, is om vas te vang hoe hierdie idees in plaaslike geskiedenisse en stryde gegrond is. Die doel van die film is om gesprekke oor die betekenis, uitoefening en inhoud van demokrasie te help populariseer en weerspieël ons verbintenis tot dekoloniale vorme van kennisproduksie wat poog om navorsing in niekonvensionele vorme vir die sosiale wetenskappe te deel.

Kennisliggame wat in postkoloniale samelewings oor die konseptualisering en uitoefening van en stryd vir demokrasie bestaan, word dikwels van die kanon van demokratiese teorie uitgesluit. Die Democracy from Below-projek is ontwerp om hierdie uitsluiting te bowe te kom deur vakkundigheid te bevorder wat die kennis, geskiedenis en ervarings van gewone Suid-Afrikaners in die kanon van demokratiese teorie insluit om demokratiese denke van onder af te ontwikkel. Ons verstaan dat demokrasie en demokratiese ruimtes 'n twispunt is wat belangrike idees uit hoofstroom demokratiese teorie insluit – soos burgerregte en politieke vryhede – maar dat sulke idees ook nuwe betekenis kan kry wanneer dit van onder af ontleed word.

## DIE SADILAR-SPAN HOU 'N DATA CARPENTRIES-WERKSWINKEL BY WITS

- **Natalie Simon**

Die ontsaglike vooruitgang op die gebied van digitale tegnologieë oor die afgelope paar jaar beteken dat navorsers, in alle dissiplines, data nou op 'n skaal kan insamel wat nog nooit voorheen bedink is nie. Daar is egter 'n gebrek aan vaardighede wanneer dit by die bestuur en ontleding van hierdie data kom, nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld.

**Kontak ons:**

BEFONDS DEUR:

science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Vir enige terugvoer oor die inhoud van die nuusbrief, kontak gerus vir SADiLaR: info@sadilar.org**

**Vir enige terugvoer oor die vertalings, rig asseblief jou boodskap aan die vertaler wanneer jy 'n e-pos aan SADiLaR stuur: info@sadilar.org**

**Kontak ons:**

Data Carpentry is 'n wêreldwye inisiatief wat deur passievolle plaaslike gemeenskappe geskep en volhou word en wat werkswinkels aanbied oor die fundamentele datavaardighede wat nodig is om navorsing te doen. Die doel van die Data Carpentries is om "navorsers basiese konsepte, vaardighede en hulpmiddels te leer om met data te werk sodat hulle meer in minder tyd en met minder pyn gedoen kan kry."

In Februarie 2022 het drie lede van die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR), Mmasibidi Setaka, Benito Trollip en Juan Steyn, 'n Data Carpentry-werkswinkel by die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) gehou wat hoofsaaklik deur nagraadse studente in die Magister Artium (MA) Nasionale e-Wetenskap Nagraadse Onderrig- en Opleidingsplatform (NEPTTP) bygewoon is. Hierdie program is deel van 'n nasionale inisiatief om datawetenskapsvaardighede onder Suid-Afrika se nagraadse studente te bou. Dit is 'n multi-institusionele program wat deur 'n konsortium van ses Suid-Afrikaanse universiteite behartig word: die Noordwes-Universiteit, Sol Plaatje Universiteit, die Universiteit van Limpopo, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Venda en Wits.

Terwyl die NEPTTP wel twee strome bied, 'n Magister Scientiae en 'n MA, was hierdie werkswinkel spesifiek vir die MA-studente. Tussen 10 en 13 studente het deelgeneem aan die driedaagse werkswinkel wat daarop gefokus het om 'n inleiding tot fundamentele datawetenskapskonsepte te gee. Die studente het uit 'n verskeidenheid dissiplines gekom, waaronder internasionale betrekkinge, sielkunde, mediastudies en ontwikkelingstudies.

"Die Carpentries is 'n wonderlike inisiatief vir datawetenskapsopleiding," sê Trollip, een van die SADiLaR-instrukteurs by die werkswinkel, "want die kurrikulum, die materiaal, al die dokumente is alles vrylik beskikbaar deur 'n Creative Commons-lisensie."

"Dit beteken dat instrukteurs op hierdie goed gevestigde kurrikulum kan staatmaak, en as studente na die werkswinkel wil hersien, of die groep nie deur die volle kurrikulum in die drie dae kom nie, kan studente aanlyn toegang kry tot wat hulle gemis het."

In hierdie spesifieke werkswinkel is studente bekendgestel aan die basiese beginsels van goeie databestuur, waaronder kwessies aangepak is soos die probleem met die gebruik van sagteware waarvoor 'n betaalde lisensie nodig is (soos Microsoft Excel) wanneer daar saam gewerk word of data vrylik gedeel word, en watter alternatiewe beskikbaar is.

Deelnemers is ook bekendgestel aan R, 'n programmeertaal wat algemeen gebruik word vir beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing in die geestes- en sosiale wetenskappe.

"Bykomend tot die Carpentries-lesse vir R, het ons ook R bekendgestel deur 'n spesifieke R-pakket genaamd Swirl," verduidelik Trollip. "Dit is 'n baie interaktiewe hulpmiddel wat 'n mens help om R stap vir stap te leer."

BEFONDS DEUR:

science & innovation
Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Hulle het ook die studente aan OpenRefine bekendgestel, 'n "kragtige hulpmiddel vir morsige data", wat 'n uitstekende alternatief op Excel-sigblaaie is, aangesien dit weergawes bied waar selfs terwyl jy jou data verander en redigeer, niks verlore gaan nie. Dit is dus maklik om die werk na te gaan en om 'n paar stappe terug te gaan as jy 'n fout maak.

Die NEPTTP-program is kruisdissiplinêr, wat beteken dat die studente datawetenskap geleer word en dan is deel van die program om hulle datawetenskapsvaardighede en -kennis op hulle eie vakgebiede toe te pas as deel van hulle finale navorsingsverslag. Die SADiLaR Data Carpentry-instrukteurs het dit aangenaam gevind om die studente te help om die moontlikhede te besef om R in hulle eie navorsingsprojekte te gebruik.

"As ek aan my eie nagraadse ervaring dink, weet ek presies hoe uitdagend dit is om 'n wonderlike idee te hê van die navorsing wat jy wil doen, maar nie te weet hoe om dit uit te voer nie," sê Trollip. "Vir my was die beste deel van hierdie werkswinkel om met die studente te praat oor hulle eie navorsingsprojekte en dan saam die stappe uiteen te sit wat hulle kan volg om hulle eindpunt te bereik."

Vir studente wat aan 'n Data Carpentry-werkswinkel deelgeneem het en hulle kennis wil uitbrei, bied SADiLaR 'n program genaamd ESCALATOR aan wat ontwerp is om 'n gemeenskap van navorsers te help bou en ondersteun wat passievol is oor die gebruik van digitale hulpmiddels en metodologieë in hulle eie navorsing en onderrig.

## KOMENDE GELEENTHEDE/GEBEURTENISSE:

SADiLaR beplan drie groot streeksgeleenthede wat tussen September en November 2022 oor Suid-Afrika heen sal plaasvind. Dit maak deel uit van die ESCALATOR-projek en beoog om verder 'n praktykgemeenskap op die gebied van digitale geesteswetenskappe en rekenaarmatige sosiale wetenskappe te kweek. Die formaat van hierdie geleenthede sal formele en informele gesprekke insluit wat daarop gemik is om idees te deel. Hou ons webwerf en sosiale media dop vir uitnodigings om deel te neem.

Vir meer inligting oor ESCALATOR, besoek asseblief die webwerf of teken in op die ESCALATOR-poslys om aankondigings te ontvang.

**Klik hier om op ons nuusbrief in teken**

**Kontak ons:**